

Pinkster



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Handelinge 2:1-4, Johannes 14:16, Handelinge 2:5-13, Joël 2:28-32, Handelinge 2:22-39, Psalm 110:1-3

Geheueteks:

“Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is. Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dit uitgestort, wat julle nou sien en hoor” (Handelinge 2:32, 33).

Die woord Pinkster kom van die woord pentēkostē, die Griekse naam vir die Joodse fees van die weke (Exodus 34:22); dit word ook die fees van die eersteling van die koringoes genoem (Númeri 28:26). Die term “pinkster” beteken “vyftigste” en kry sy betekenis van die feit dat die fees op die vyftigste dag van die beweegoffergerf-seremonie gevier was, op die eerste dag na die Paasfees. Dit was ‘n dag van vreugde en danksegging, want die volk van Israel het “die eersteling van die koringoes” voor die Here gebring (Exodus 34:22).

Die fees het toe ‘n gepaste simbool van die eerste geestelike oes van die Christelike kerk geword toe die Heilige Gees meer oorvloedig as ooit tevore uitgestort was, en drieduisend mense op een dag gedoop was (Handelinge 2:41). Dit het gevolg op die hemelvaart van Jesus en Sy verheffing in die hemel, en was ‘n skielike, bonatuurlike gebeurtenis wat die apostels van eenvoudige en onbekende Galilése manne verander het na manne wat met oortuiging en moed die wêreld sou verander. Pinkster word dikwels die geboorte van die kerk genoem, die tydstip toe Christus se volgelingen, Jode en (later die) heidene, as God se nuwe gemeenskap op aarde gewettig was.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 14 Julie.*

Die uitstorting van die Gees

Om Jesus se bevel te gehoorsaam, het die gelowiges in Jerusalem vir die belofte van die Gees gewag terwyl hulle vuriglik gebed het, hulle opreg bekeer het, en die Here geloof het. Toe die dag aangebreek het, was “hulle almal eendragtig bymekaar” (Handelinge 2:1), heelwaarskynlik in dieselfde bovertrek van Handelinge 1. Maar, hulle het vinnig na ‘n meer publieke area beweeg (Handelinge 2:6–13).

Lees Handelinge 2:1–3. Watter bonatuurlike elemente het die uitstorting van die Gees vergesel?

Daar het ‘n intense stemming geheers. Skielik was daar ‘n geluid uit die hemel “soos van ‘n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul”, en toe het hulle “tonge gesien soos van vuur” wat “op elkeen van hulle gaan sit het”. In die Skrif word wind en vuur dikwels met ‘n visioen of ‘n Goddelike openbaring geassosieer (bv., Exodus 3:2, 19:18, Deuteronomium 4:15). Boonop kan wind en vuur ook die Gees van God verteenwoordig (Johannes 3:8, Mattheüs 3:11). Wat Pinkster betref, wat die presiese betekenis van so ‘n verskynsel ook al mag wees, het hierdie tekens ‘n unieke tydstop in die geskiedenis van die verlossingsplan aangedui, die beloofde uitstorting van die Heilige Gees.

Die Gees was nog altyd aan die werk. Sy invloed op God se volk in die Ou Testamentiese tye was dikwels op ‘n merkwaardige wyse geopenbaar, maar nooit ten volle nie. “Gedurende die patriargale tydperk is die invloed van die Heilige Gees dikwels op ‘n besondere wyse geopenbaar, maar nooit in Sy volheid nie. Gehoorsaam aan hulle Heiland het die dissipels nou om hierdie gawe gebed, en in die hemel het Christus Sy voorbidding daaraan toegevoeg. Hy het die gawe van die Gees geëis sodat Hy dit op Sy volk kon uitstort.” — Ellen G. White, *Die Handelinge van die Apostels*, bl. 31-32. Johannes die Doper het die doop met die Heilige Gees tydens die koms van die Messias, voorspel (Lukas 3:16; vergelyk met Handelinge 11:16), en Jesus self het verskeie kere daarna verwys (Lukas 24:49, Handelinge 1:8). Hierdie uitstorting sou volg op Sy eerste intrede by God na Sy verheffing (Johannes 14:16, 26; 15:26). Die belofte was tydens Pinkster vervul.

Alhoewel die doop met die Gees tydens Pinkster ‘n unieke gebeurtenis was wat gekoppel was aan Jesus se oorwinning op die kruis en Sy verheffing in die hemel, moet die invulling van die Gees ‘n ondervinding wees wat gedurigheid in die lewens van die gelowiges herhaal moet word (Handelinge 4:8, 31; 11:24; 13:9, 52; Eph. 5:18).

Watter bewys het jy van die Heilige Gees se werking in jou lewe?

Die gawe van tale

In Handeling 2:4 was die gawe van die Gees deur die praat van tale gemanifesteer. Tog was hierdie gawe net een van baie verskillende manifestasies van die Gees (Handeling 10:45, 46; 19:6). Ander het die voorspelling van die toekoms ingesluit (Handeling 11:28), van visioene (Handeling 7:55), geïnspireerde toesprake (Handeling 2:8, 28:25), gesondmaking (Handeling 3:6, 12; 5:12, 16), en kwalifisering vir diens (Handeling 6:3, 5). Die gawe van tale tydens Pinkster het nie voorgekom omdat dit 'n tipiese of die mees belangrike bewys van die ontvangs van die Gees was nie. Dit was so bedoel om die kerk se wêreldsendingopdrag te begin. Dit wil sê, die opdrag wat in Handeling 1:8 gegee was, het die gawe van tale vereis. Omdat die apostels ander kulture en die eindes van die wêreld met die evangelie moes bereik, sou dit nodig wees dat hulle die tale van diegene wat sou luister na wat hulle te sê gehad het, kon praat.

Lees Handeling 2:5–12. Watter bewys is daar dat die apostels in bestaande uitheemse tale tydens Pinkster gepraat het?

Na beraming was daar tussen agt en tien miljoen Jode in die wêreld gedurende die eerste eeu, waarvan omtrent 60 persent van hulle in ander lande buite die grense van Judéa gewoon het. Daarom kon baie van die mense wat in Jerusalem vir die fees was nie Aramees praat nie, aangesien hulle van veraf lande gekom het. Die taal van die Jode in Judéa op daardie tydstip was Aramees. Daar is geen twyfel dat die meeste van die bekeerlinge tydens Pinkster Jode van verskeie lande was wat nou die evangelie in hulle eie inheemse tale kon hoor. Die term dialektos wat na die taal van 'n nasie of 'n streek verwys, is die bewys dat die apostels in bestaande buitelandse tale liever as in onbekende verruklike tale gepraat het (Handeling 2:6, 8), (vergelyk met Handeling 21:40, 22:2, 26:14). Dit is dus duidelik dat hulle in bestaande verskillende tale gepraat het. Die wonderwerk was dat eenvoudige Galileërs op daardie oomblik 'n taal kon praat wat hulle, net 'n paar ure tevore, nie geken het nie. Vir die plaaslike Jode wat hierdie toneel waargeneem het maar nie hierdie tale geken het nie, was die enigste moontlike verduideliking dat die apostels dronk was, en vreemde klanke geuiter het wat geen sin vir die plaaslike mense gemaak het nie. “Maar ander het gespot en gesê: ‘Hulle is vol soetwyn’” (Handeling 2:13).

‘n Kragtige openbaring van God vind voor hulle oë plaas en hulle dink dit is dronkenskap? Hoe kan ons versigtig wees om nie geestelik so blind te wees nie?

Petrus se preek

Die aanklag van dronkenskap het vir Petrus 'n kans gegee om te verduidelik wat besig was om plaas te vind. In sy toespraak het die apostel eerste die Skrif aangehaal (Handelinge 2:16–21) waar daar geprofeteer was dat die Gees uitgestort sou word.

Vergelyk Handeling 2:17 met Joël 2:28. Hoe het Petrus die tyd van die vervulling van Joël se profesie verstaan?

Joël se profesie het verwys na die toekomstige verlossingstydperk (Joel 2:32), wat deur verskillende tekens in die natuur en 'n oorvloedige uitstorting van die Gees (Joël 2:28–31) gekenmerk sou word. Deur die Pinkstergebeurtenis in die lig van hierdie profesie te interpreteer, het Petrus bedoel om die historiese belangrikheid van daardie oomblik te beklemtoon. Maar daar is 'n belangrike verskil in hoe hy Joël aanhaal. In plaas van Joël se inleiding “en daarna” (Joël 2:28), wat na die algemene toekoms verwys, het Petrus gesê, “in die laaste dae” (Handelinge 2:17), wat aandui dat die finale tydperk van die groot verlossingsdrama so pas begin het. Dit is natuurlik nie 'n volle beskrywing van die eindtydgebeure nie, maar 'n bewys van die uiterste dringendheid waarmee die vroeë kerk gekenmerk was. Hulle het nie geweet wanneer die einde sou aanbreek nie, maar was oortuig dat dit nie meer lank sou wees nie.

Lees Handeling 2:22–32. Wat was die hooffokus van Petrus se aanbieding van die evangelieboodskap?

Nadat hy die profetiese belangrikheid van Pinkster beklemtoon het, het Petrus na die onlangse gebeurtenisse van Jesus se lewe, dood en opstanding verwys. Dit was die opstanding wat egter die grootste aandag gekry het, aangesien dit die beslissende faktor van die evangelieboodskap verteenwoordig het. Vir Petrus was die opstanding die toppunt van die regverdiging van Jesus (Handelinge 2:22, 27), en hy het Skrif aangehaal om sy punt oor die betekenis van die opstanding te bewys. Omdat Jesus die Messias was, kon die dood Hom nie gevange gehou het nie. Dus, vir Petrus en vir al die skrywers van die Nuwe Testament was die opstanding van Jesus 'n kragtige bewys, nie net dat Jesus die Messias was nie, maar ook dat die Christelike boodskap van verlossing die hele waarheid was.

Met die dood rondom ons wat ons of ons geliefdes gedurigdeur bedreig, hoekom is die opstanding van Jesus so 'n belangrike waarheid?

Jesus word verhoog

“Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dit uitgestort, wat julle nou sien en hoor” (Handelinge 2:33).

In die derde deel van sy toespraak het Petrus weer oor die kwessie van tale wat aanvanklik die mense se aandag getrek het, gepraat. In plaas daarvan dat hulle dronk was, wat in elk geval vreemd sou wees omdat dit nog net nege-uur in die oggend was (Handelinge 2:15), het die gelowiges in tale gepraat omdat die Heilige Gees so pas van die hemel af uitgestort was.

Lees Handelinge 2:33–36. Wat is die verband tussen Jesus se verheffing deur die regterhand van God en die uitstorting van die Gees?

Die regterhand van God is ‘n outoriteitsposisie (Psalm 110:1–3). Petrus se argument wat op die Skrif gegrond was, was dat Jesus die Gees op Sy volgelinge uitgestort het omdat Hy tot so ‘n verhewe posisie in die hemel verhoog was. Die verheffing het nie aan Jesus ‘n status gegee wat Hy nie tevore gehad het nie (Johannes 1:1–3, 17:5). Intendeel, dit het die Vader se hoogste erkenning van Sy reg as Heer en Verlosser bevestig (Handelinge 2:36). Hierdie gebeurtenis verwys ons eintlik na een van die belangrikste temas in die Skrif: die kosmiese stryd tussen goed en kwaad. Die punt is dat die Gees nie ten volle uitgestort sou gewees het as Jesus nie verhef was nie (Johannes 7:39), en Jesus sou nie verhef kon word as Hy nie op die kruis getriomfeer het nie (Johannes 17:4, 5). Met ander woorde, Jesus se verheffing was die voorwaarde vir die koms van die Gees, want dit het God se goedkeuring van wat Jesus op die kruis vermag het, aangedui, wat ook die vernietiging van dié een wat die heerskappy van hierdie wêreld onregmatig bekom het, aangedui het (Johannes 12:31).

Die sondeval in hierdie wêreld het ‘n skaduwee op God gewerp. Dit was nodig dat Jesus moes sterf, nie net om die mensdom te verlos nie, maar ook om God te regverdig en om die Satan as ‘n bedrieër te ontbloot. Tydens Jesus se bediening het die verlossingstydperk alreeds in werking getree (Lukas 4:18–21). Toe Hy duiwels uitgedryf het of sondes vergewe het, was Hy besig om Satan se gevangenes vry te stel. Maar, dit was die kruis wat Hom die volmag gegee het om dit te doen. Toe Christus se selfopoffering dus in die hemel bekragtig was, het Satan ‘n finale hou gekry, en die Gees was toe uitgestort om ‘n volk vir die koms van Christus voor te berei.

Die eerste vrugte

Petrus se hoorders se harte was diep deur sy woorde geraak. Sommige van hulle kon net 'n paar weke tevore tussen diegene gewees het wat vir Jesus se kruisiging gevra het (Lukas 23:13–25). Maar nadat hulle oortuig was dat Jesus van Násaret inderdaad die Messias was wat deur God gestuur was, het hulle met groot hartseer uitgeroep: “Wat moet ons doen, broeders?” (Handelinge 2:37).

Lees Handelinge 2:38. Wat was die twee fundamentele vereistes vir vergifnis?

Om berou oor jou sondes te hê, beteken om 'n radikale ander lewensrigting in te slaan, om weg te beweeg van sondige gewoontes (Handelinge 3:19, 26:20), en om nie net 'n hartseer gevoel te hê en berouvol te wees nie. Ware berou is saam met geloof 'n gawe van God, maar soos met alle gawes, kan hierdie gawe verwerp word (Handelinge 5:31–33, 26:19–21, Romeine 2:4). Sedert Johannes die Doper se bediening was bekering met die doop geassosieer (Mark 1:4). Dit wil sê, die doop het 'n simbool van bekering geword, 'n godsdienige plegtigheid wat die afwas van sondes en die wedergeboorte deur die hulp van die Heilige Gees, gesimboliseer het (Handelinge 2:38, 22:16; vergelyk met Titus 3:5–7).

Lees Handelinge 2:38, 39. Watter spesiale belofte word aan hulle wat hulle bekeer en dan gedoop word, gegee?

Deur die Pinkstergebeurtenis was daar nie alleen vergifnis aan die mense belowe nie, maar ook die volheid van die Gees vir persoonlike groei, vir diensbaarheid in die kerk, en veral om die sendingopdrag uit te voer. Hierdie was miskien die grootste van al die seëninge, want die hoofrede vir die kerk se bestaan is om die goeie nuus van die evangelie met ander te deel (I Petrus 2:9). Daarom sou hulle hierna die versekering van verlossing en die krag van die Heilige Gees ondervind het, wat hulle in staat sou stel om die kerk se sendingopdrag te voltooi.

Hoekom is die besef dat ons die “vergewing van sondes” het so belangrik vir enigeen wat die evangelie wil verkondig? Per slot van rekening, watter hoop in Jesus kan jy aan ander bied, as jy dit nie self het nie?

Vir verdere studie:

Die uitstorting van die Heilige Gees tydens Pinkster dui 'n kernwaarheid aan oor wat in die hemel plaasgevind het, en oor hoe God die Vader Christus se offer vir die sondes van die wêreld aanvaar het. Die uitstorting van die Gees het ook getoon dat Christus se werk in die hemel namens ons wat op Sy offerande op die aarde gegrond was, nou ingehuldig was. Hierdie verstommende gebeurtenisse is verdere bevestiging van die buitengewone waarheid dat hemel en aarde verbind is op maniere wat ons nie nou kan begryp nie. “Christus se hemelvaart was die teken dat Sy volgelinge die beloofde seën sou ontvang. . . . Toe Christus die hemelpoorte binnegaan, is Hy te midde van die aanbiddende engele tot die troon verhef. Sodra hierdie plegtigheid afgehandel was, het die Heilige Gees in ryke strome op die dissipels neergedaal en is Christus in werklikheid verheerlik met die heerlikheid wat Hy van alle ewigheid af by die Vader gehad het. Die uitstorting tydens die Pinksterfees was die hemel se boodskap dat die inhuldiging van die Verlosser voleindig was. Ooreenkomstig Sy belofte het Hy die Heilige Gees van die hemel af na Sy volgelinge gestuur as teken dat Hy as priester en koning alle gesag in die hemel en op die aarde ontvang het en die Gesalfde oor Sy volk was.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 32-33.

Vrae vir bespreking:

- 1. Wat van Pinkster kan die kerk huidiglik verwag om te ondervind? Wat kan en wat kan nie herhaal word nie?**
- 2. Dink meer na oor die feit dat Petrus die opstanding van Jesus so 'n belangrike deel van die Pinksterboodskap gemaak het. Wat die opstanding selfs meer wonderbaarlik gemaak het, is dat watter Joodse Messiaanse verwagtinge ook toe al bestaan het, niemand verwag het dat 'n Messias uit die dood opgewek sou word nie. Dit was nie deel van enigiemand se geestelike verwagting nie; dit was nie die verwagting van hulle wat na die koms van die Messias uitgesien het nie. Watter lesse kan ons hieruit leer oor hoe ons moet weet wat in die Bybel geskryf staan, teenoor wat die nuutste populêre leringe voorhou?**
- 3. Handeling 2:38 praat oor die nodigheid om gedoop te word. Beteken dit dat enigeen wat in Jesus geglo het maar nie gedoop was voordat hulle gesterf het nie, noodwendig verlore is? Regverdig jou antwoord.**